

## **BEPALINGS EN VOORWAARDES VERBONDE AAN SOLIDARITEIT DIENSNET**

### **1. Definisies**

- 1.1 **Persoonlike inligting:** Inligting soos omskryf in die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (No. 4 van 2013).
- 1.2 **Solidariteit:** 'n Geregistreeerde vakbond ingevolge artikel 97 van die Wet op Arbeidsverhoudinge (No. 66 van 1995).
- 1.3 **Diensverskaffer(s):** Enige persoon of instansie wat op hierdie platform geregistreer is om dienste, of produkte te adverteer.
- 1.4 **Diensnet:** Die gratis elektroniese platform van Solidariteit waar diensverskaffers hulle dienste of produkte kan laai en verbruikers toegang tot dienste, of produkte kan verkry.
- 1.5 **Verbruiker(s):** Enige persoon wat hierdie platform besoek om toegang tot dienste of produkte te verkry.

### **2. Bepalings en voorwaardes**

- 2.1 Diensnet is 'n produk wat Solidariteit aan verbruikers en diensverskaffers bied waarop hulle hulle dienste, of produkte kan adverteer sodat ander verbruikers of kliënte toegang het om daardeur te sif en moontlike geskikte diensverskaffers vir dienste, of produkte wat aan hulle behoefte voldoen te kies.
- 2.2 Enige ooreenkoms wat 'n diensverskaffer met 'n verbruiker sluit is tussen daardie diensverskaffer met die verbruiker, en nié met Solidariteit nie. Dus is daar geen aanspreeklikheid van Solidariteit af teenoor die diensverskaffer en/of die verbruiker nie.
- 2.3 Solidariteit gee nie enige waarborg, of onderneem geensins, hetsy uitdruklik of geïmpliseerd, skriftelik of mondelings, oor die kwaliteit, beskikbaarheid en akkuraatheid van dienste, of produkte wat diensverskaffers op die platform plaas nie.
- 2.4 Solidariteit gee nie enige waarborg, of onderneem geensins, hetsy uitdruklik of geïmpliseerd, skriftelik of mondelings, dat die inhoud van 'n advertensie, of 'n diensverskaffer se besonderhede eenhonderd persent akkuraat is nie.

- 2.5 Solidariteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir die bemerking, of die beskikbaarstelling van inligting rakende dienste of produkte nie.
- ~~2.6~~ Solidariteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir die kwaliteit, funksionaliteit of beskikbaarheid van enige produk(te), of diens wat deur 'n verskaffer aangebied word nie.
- 2.7 Geen eis kan teen Solidariteit, sy bestuur, die ondersteuningspersoneel, of agente deur verbruikers en diensverskaffers gemaak word, wat uit die gebruik van die Diensnet-platform mag voortspruit, of verband hou nie, hetsy 'n ooreenkoms tussen die verbruiker en diensverskaffer aangegaan is, al dan nie.
- 2.8 Die verbruikers en diensverskaffers vrywaar Solidariteit, sy bestuur, verbruikers, ondersteuningspersoneel, of agente van alle verliese, wat direk of indirek voortspruit uit, of in verband staan met die gebruik van die Diensnet-platform.
- 2.9 Diensnet is slegs toeganklik vir verbruikers en diensverskaffers wat vooraf op die platform registreer.
- 2.10 Verbruikers en diensverskaffers sal voor toelating tot die Diensnet-platform die bepalinge en voorwaardes moet aanvaar.
- 2.11 Solidariteit behou die reg voor om te enige tyd hierdie Diensnet-platform te wysig, skrap, uitbrei, beperk of 'n tydsduur daaraan te koppel.
- 2.12 Die verbruikers is bewus daarvan, en stem toe dat diensverskaffers die verbruikers se persoonlike inligting bekom en verwerk.
- 2.13 Die diensverskaffer stem toe om, by die verkryging van persoonlike inligting op die Diensnet-platform, te voldoen aan die bepalinge van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting en die persoonlike inligting slegs te gebruik vir die doel waarvoor die persoonlike inligting op die Diensnet-platform geplaas is.
- 2.14 Verbruikers en diensverskaffers gee by aanvaarding van hierdie bepalinge en voorwaardes toestemming dat hulle deur instellings binne die Solidariteit Beweging gekontak kan word om produkte en dienste te bemark.
- 2.15 Diensnet doen alles in hulle vermoë om te verseker dat persoonlike inligting streng vertroulik hanteer word. Solidariteit kan egter nie aanspreeklik gehou word indien u persoonlike inligting op enige wyse onwettig van die Diensnet-platform bekom word, deur ongemagtigde middele nie en/of as dit sonder toestemming versprei word nie.

- 2.16 Terwyl Solidariteit verskeie voorsorgmaatreëls tref om te verseker dat die Diensnet-webblad vry van virusse is, kan Solidariteit nie waarborg dat lêers wat opgelaai word om via die webblad gebruik te word, of per e-pos van die webblad afgelaai word, vry van virusse, of ander skadelike programme is nie. Die diensverskaffer en verbruiker is verantwoordelik vir die implementering van voldoende beskermende sagteware op sy of haar stelsel wat die spesifieke databeveiligingsvereistes sal bevredig en om 'n middel verwyderd van die normale werkstasie (byvoorbeeld die Wolk), byderhand te hê vir die heropbou van enige verlore data.
- 2.17 Die verbruiker en diensverskaffer stem in om voorsorgmaatreëls te tref om te verseker dat data wat op Diensnet gelaai word vry van virusse of ander skadelike programme is.
- 2.18 Solidariteit behou die reg voor om enige advertensie van sy webblad te verwerp, of te verwyder en enige registrasie te kanselleer.
- 2.19 Verbruikers of diensverskaffers moet Diensnet onmiddellik in kennis stel indien dit waarskynlik is, of bekend word dat iemand wat nie gemagtig is nie, sy wagwoord of gebruikersnaam gebruik, of as dit op enige ongemagtigde wyse gebruik word, of waarskynlik gebruik sal word.
- 2.20 Verbruikers mag slegs hulle eie diens of produk op die Diensnet platform plaas.
- 2.21 Geen vergunning, uitstel of ander toegewing wat Solidariteit aan verbruikers en diensverskaffers mag gee ten opsigte van die nakoming van enige verpligting ingevolge hierdie bepalings en voorwaardes, word onder enige omstandighede geag 'n geïmpliseerde toestemming, of uitoefening van afstanddoening daarvan te wees nie en affekteer nie op enige wyse enige regte van Solidariteit kragtens, of voortspruitend uit hierdie bepalings en voorwaardes nie. Dit stop of weerhou ook nie Solidariteit van die afdwinging van streng en stiptelike voldoening hiervan nie.

HIERMEE AANVAAR EK DIE BEPALINGS EN VOORWAARDES VIR REGISTRASIE TOT DIENSNET